education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

GESKIEDENIS V2

HOËR GRAAD

MEI/JUNIE 2008

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

4. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag uit dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.

6. Beantwoord VIER vrae:

   6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: *AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Die tyd toegestaan vir die vraestel moet oordeelkundig in die beantwoording van die vrae aangewend word, verkieslik ongeveer 45 minute per vraag.

9. Die blote oorskryf van bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as DRIE vrae uit hierdie afdeling nie.

VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 1A

Die snelle dekolonisasie van Afrika na die Tweede Wêreldoorlog kan hoofsaaklik aan die groeiende krag van Afrika-nasionalisme toegeskryf word.

Ondersoek die akkuraatheid van hierdie stelling krities. **[50]**

OF

VRAAG 1B

Die hoofdoelstellings van die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) om die Afrika-state te verenig en om kolonialisme in Afrika te beëindig, was edel, maar onrealisties, gesien in die lig van die uitdagings wat hulle in die gesig gestaar het.

Stem jy saam? Evalueer die OAE in die lig van die bostaande. **[50]**

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 2A

'Die Nuwe Ekonomiese Beleid was kapitalisme. Juis dít waarteen ek geveg het.'
['n Stelling deur Leonid Orlov, 'n Bolsjewistiese ondersteuner, oor die instelling van die Nuwe Ekonomiese Beleid]

Dink jy dat, gesien in die lig van dié reaksie van Leonid Orlov, Lenin geregverdig opgetree het met die ekonomiese veranderinge wat hy in die USSR in die tydperk 1918 tot 1924 aangebring het? Bespreek.

[50]

OF

VRAAG 2B

As dit nie vir Stalin se Vyfjaarplan van bloed, sweet en trane was nie, sou kommunisme nie in Sowjet-Rusland oorleef het nie.

Ontleed hierdie stelling krities. **[50]**

VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

VRAAG 3A

Die verandering in voorspoed van ' 'n hoender in elke pot' en ' 'n motor in elke motorhuis' na 'broer kan jy my 'n tiensentstuk leen'? vertel die ekonomiese verhaal van die Verenigde State van Amerika tussen 1920 en 1934.

Is dit 'n billike evaluering van die tydperk tussen 1920 en 1934? Verduidelik jou antwoord. **[50]**

OF

VRAAG 3B

'Miljoene van ons burgers troetel die hoop dat hulle ou lewenstandaarde en denke nie vir ewig verlore is nie. Hierdie miljoene kan nie en sal nie verniet hoop nie. Ek waarborg julle, ek verbind myself tot 'n Nuwe Bedeling vir die Amerikaanse volk.'

Met verwysing na bogenoemde stelling, stel ondersoek in tot watter mate Roosevelt se waarborg hoop aan die Amerikaanse volk gegee het. **[50]**

AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

4.1 WAT IS DIE IDEES (GEDAGTES) OOR GHANA NA 50 JAAR VAN ONAFHANKLIKHEID VAN KOLONIALE REGERING?

Bestudeer Bronne 4A, 4B, 4C en 4D en beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

(a) Watter bewyse dui daarop dat Ghana optimisties was oor sy toekoms na onafhanklikheid? (2 x 1) (2)

(b) Verduidelik hoe, volgens dr. Kwame Nkrumah, sou Ghana se werklike onafhanklikheid bereik word. (1 x 2) (2)

4.1.2 Bestudeer Bronne 4A en 4B.

(a) Watter boodskap wil die fotograaf in Bron 4B aangaande Ghana se 50 jaar van onafhanklikheid oordra? (1 x 3) (3)

(b) Verduidelik of jy Bron 4B as betroubaar sal beskou om Ghana se 50 jaar van onafhanklikheid te verstaan. (2 x 2) (4)

(c) Op watter wyse bevestig Bron 4B die gevoel van die Ghanese wat in Bron 4A genoem word? (2 x 2) (4)

4.1.3 Gebruik Bronne 4C, 4D en jou eie kennis.

(a) Volgens Standpunt 1 in Bron 4C, het dr. Kwame Nkrumah vyftig jaar gelede in 'n aankondiging aan die Ghanese gesê: 'Ghana, jul geliefde land, is vir ewig vry!' Gebruik die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die akkuraatheid van hierdie stelling. (1 x 3) (3)

(b) Verduidelik of die kommentaar van Shabazz in Standpunt 1 geregverdig kan word. (2 x 2) (4)

(c) Verduidelik waarom dit, volgens Nkrumah in Standpunt 2, nodig was om weerstand te bied teen imperialisme. (2 x 1) (2)

(d) Wat is Mohau Pheko (Standpunt 2) se standpunt omtrent Ghana se 50 jaar van onafhanklikheid? (2 x 1) (2)

(e) Gebruik Bron 4C en jou eie kennis en verduidelik wat met neo-kolonialisme bedoel word. (1 x 2) (2)

(f) Op watter wyse ondersteun Standpunt 2 vir Standpunt 1? (1 x 3) (3)

(g) Watter tekortkominge word in Bron 4D genoem aangaande Ghana se vyftig jaar van onafhanklikheid? (1 x 2) (2)

(h) Met verwysing na Bron 4D, hoe het die Ghanese gereageer op die uitdagings wat onafhanklike Ghana in die gesig gestaar het? (3 x 1) (3)

(i) Verwys na Bron 4D en jou eie kennis en verduidelik wat bedoel word met ' … het Ghana die simbool geword van 'n land wat die boeie afgooi'. (1 x 2) (2)

4.1.4 Op 6 Maart 2007 het Ghana sy 50-jarige onafhanklikheidswording gevier, waarna dikwels verwys word as 'Ghana op 50', – 50 jaar van onafhanklikheid van Brittanje, sy koloniale onderdrukker.

In die lig van bogenoemde stelling, skryf 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls (120 woorde) waarin die idees (gedagtes oor) van Ghana 50 jaar na onafhanklikheidswording van koloniale regering bespreek word. (12)
[50]

VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

5.1 WAS HITLER SUKSESVOL MET SY VERONTAGSAMING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE VERDRAG VAN VERSAILLES TUSSEN 1934 EN 1936?

Bestudeer Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord.

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

(a) Watter twee militêre beperkings het die Verdrag van Versailles op Duitsland geplaas? (2 x 2) (4)

(b) Verskaf bewyse uit die bron om die gepastheid van Hitler se tydsberekening met die hermilitarisering van Duitsland te toon. (3 x 2) (6)

(c) Verduidelik of jy dink dat Brittanje stilswyend toestemming gegee het tot Hitler se dade van verset. (2 x 2) (4)

5.1.2 Bestudeer Bron 5B.

(a) Watter VIER belangrike lande, dink jy, was by die om-die-tafel-konferensie verteenwoordig? (4 x 1) (4)

(b) Wat kom jy agter van die postuur (wyse) waarmee Duitsland in die spotprent uitgebeeld word? (3 x 2) (6)

5.1.3 Bestudeer Bronne 5A en 5B. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar aanvul. (2 x 2) (4)

5.1.4 Gebruik Bronne 5A en 5C.

(a) Waarom, dink jy, was Brittanje nie in 'n posisie om Hitler in 1936 teen te gaan nie? (2 x 2) (4)

(b) Watter bewyse is daar in Bronne 5A en 5C wat aandui dat Hitler bedenkinge oor Frankryk se ingryping in reaksie op die Duitse herbesetting van die Rynland gehad het? (3 x 2) (6)

5.1.5 Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls (120 woorde) waarin jy verduidelik of Hitler suksesvol was met die verontagsaming van die bepalings van die Verdrag van Versailles. (12)

[50]

VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE: DIE KOUE OORLOG

6.1 WAT WAS DIE AARD VAN DIE KONFLIK TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJET-UNIE (USSR)?

Bestudeer Bronne 6A, 6B, 6C en 6D om die volgende vrae te beantwoord.

6.1.1 Gebruik Bron 6A en jou eie kennis.

(a) Hoe het die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjet- Unie (USSR) by Berlyn betrokke geraak? (3 x 2) (6)

(b) (i) Verduidelik wat verstaan word met die uitdrukking 'die mag van veto'. (1 x 2) (2)

(ii) Hoe het die VSA en die USSR hierdie mag van veto (veto-reg) gebruik? (1 x 2) (2)

(c) Waarom, dink jy, was onenigheid tussen die vernaamste moondhede onvermydelik? (2 x 2) (4)

(d) Watter redes sou jy aanvoer om voor te stel dat hierdie bron kwalik deur 'n Sowjet-historikus geskryf sou word? (2 x 2) (4)

6.1.2 Gebruik Bron 6B.

(a) Watter redes is deur George Marshall ter ondersteuning van sy plan verskaf? (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik die akkuraatheid van die stelling: 'Ons beleid is nie gemik teen enige land of leerstelling nie, maar teen honger, armoede, wanhoop en chaos'. (2 x 2) (4)

6.1.3 Lees deur Bron 6C.

(a) Wat was die Sowjet-Unie se kritiek teen die Marshall-plan? (2 x 2) (4)

(b) Waarom, volgens hierdie bron, het die Sowjet-afvaardiging uitgestap? (1 x 2) (2)

(c) Gebruik jou eie kennis en hierdie bron en verduidelik hoe bruikbaar hierdie bron vir 'n historikus is wat die Koue Oorlog bestudeer. (2 x 2) (4)

6.1.4 Op watter wyse ondersteun Bron 6D vir Bron 6C? (2 x 2) (4)

6.1.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel van ongeveer 10 reëls (100 woorde) vir jou skool se geskiedenis-tydskrif waarin jy die aard van die konflik tussen die VSA en die USSR verduidelik. (10)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou